

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**NOTICE 420 OF 2019****PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE RECOGNITION OF CUSTOMARY MARRIAGES AMENDMENT BILL, 2019**

1. Notice is hereby given in terms of Rule 276(1) of the Rules of the National Assembly that the Minister of Justice and Correctional Services intends to introduce the Recognition of Customary Marriages Amendment Bill, 2019 ("the Bill") in the National Assembly shortly.
2. The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 276(1) of the Rules of the National Assembly.

The primary aim of the Bill, is to amend the Recognition of Customary Marriages Act, 1998 (Act No. 120 of 1998 ("the Act")), by further regulating the proprietary consequences of customary marriages entered into before the commencement of the Act so as to bring the provisions in this regard in line with judgments of the Constitutional Court which the Court found to be constitutionally invalid because they discriminate unfairly against certain women in customary marriages and to provide for matters connected therewith.

3. A copy of the Bill can be found on the websites of the Department and Parliamentary Monitoring Group at <http://www.doj.gov.za> and <http://www.pmg.org.za> and, after introduction, may also be obtained from: Government Printers: Cape Town (Telephone number: (021) 465-7531).

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**KENNISGEWING 420 VAN 2019****PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP ERKENNING VAN GEBRUIKLIKE HUWELIKE, 2019**

1. Kragtens Reël 276(1) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wysigingswetsontwerp op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, 2019 (die Wetsontwerp) eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.
2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

Die Wetsontwerp het ten doel om die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, 1998 (Wet No. 120 van 1998) (die Wet) te wysig om die vermoënsregtelike gevolge van gebruiklike huwelike, aangegaan voor die inwerkingtreding van die Wet, verder te reël om die bepalinge in hierdie verband wat die Grondwetlike Hof ongrondwetlik bevind het omdat dit onregverdig teen sekere vroue in gebruiklike huwelike diskrimineer, in ooreenstemming met die beslissinge van die Hof te bring, en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

3. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement en Parlementêre Moniteringsgroep by <http://www.doj.gov.za> en <http://www.pmg.org.za> gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van: Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoon nommer: (021) 465-7531).